3.1.2.1 Alle installasies, uitrusting en gereedskap wat met die produk in aanraking kom, moet van gladde, korrosiebestande materiaal (by voorkeur vlekvrymetaal) gemaak wees en 'n higiëniese ontwerp hê en moet so gemaak wees dat hulle en die plek waarop hulle staan, maklik skoongemaak en gesteriliseer kan word. Geen lood en loodlegerings, met uitsondering van soldeersel, mag gebruik word by die konstruksie van uitrusting wat in enige stadium van die vervaardigingsproses met grondstowwe of die onbeskermde produk in aanraking kom nie. Geen houttafels mag in verwerkingsafdeling gebruik word nie. Die blaaie van verpakkingstafels moet gemaak wees van gladde vlekvrymetaal of ander gladde, korrosiebestande materiaal wat soortgelyke oppervlakeienskappe het en waterdig is en moet 'n higiëniese ontwerp hê. Maklik verwyderbare snyplanke met 'n higiëniese konstruksie, wat van aanneemlike, ligkleurige materiaal, uitgesonderd hout, gemaak is en geskik is vir voedsel, kan gebruik word. Die blaaie van tafels moet, indien doenlik vinnige en doeltreffende dreinering in die hand werk en moet sonder barste of splete wees. Rottangmandjies in 'n goeie, skoon toestand, kan gebruik word om die vis of skulpdiere van die visskuit af te laai.

3.1.2.2 Alle installasies, uitrusting en gereedskap moet skoon en in 'n goeie toestand gehou word. Skoonmaak- en ontsmettingsmiddels, warm en koue lopende water of versadigde stoom, waterslange, borsels en ander benodigdhede vir die skoonmaak van installasies, uitrus-

available. Plant, equipment, and utensils after thorough cleaning with a detergent or other cleaning agent shall be disinfected by the application of a solution having a free residual chlorine content of at least 20 p.p.m., or other acceptable disinfecting solution. The free residual chlorine concentration of chlorinated solutions shall be determined by the orthotolidine 5-second "flash" test or other method giving equivalent results. Immediately before the commencement of operations, equipment shall be rinsed with water complying with the requirements of 3.1.4.1 or 3.1.4.2 to remove the disinfecting agent. The entire processing system shall be cleaned at the end of each day's operations, and shall be clean immediately before further use. Gloves and knives shall be thoroughly cleaned and then disinfected by the use of wet steam, chlorinated water, or other acceptable disinfecting solution or procedure, after use, or at any time when sterilization is necessary. To this end sterilization facilities shall be available at convenient points.

3.1.2.3 Containters, when filled or partially filled with raw materials or the product, shall not be stacked in a manner which allows contact of the contents of one container with the bottom of the container stacked above it. Containers shall not be stacked directly on the floors.

3.1.2.4 Utensils used in the preparation of the product shall not be removed from the factory by employees except for repair or replacement.

3.1.2.5 Wrapping material shall be dispensed from corrosion-resistant containers of hygienic construction.

3.1.2.6 Spare parts for machinery and stores capable of contaminating the product shall be stored away from the processing area.

3.1.3 *Freezing and cold storage facilities.*—Freezers, cold stores, and equipment shall operate effectively and shall be clean and hygienic. Storage rooms for the frozen product shall be equipped with automatic temperature recorders that have enough sensing elements to monitor effectively the overall air temperatures inside the rooms. Continuous freezing facilities shall be similarly monitored and all recorders shall accurately reflect the temperatures. Batch freezers shall be fitted with external gauges or other temperature indicators. A record of the temperatures of cold stores and freezing facilities shall be kept and shall be available for inspection. Products shall not be stacked directly on the floors or directly against the walls. The stacking of products in batch freezers (other than plate freezers) shall be such that air circulation between packages is not impeded. The applicable requirements of statutory acts and regulations shall be complied with.

3.1.4 *Water.*

3.1.4.1 *Potable water.*—Subject to the provisions of 3.1.4.2, every factory shall have an adequate supply of clean potable water free from suspended matter and substances that are deleterious to the product or injurious to health. The water shall have been so treated (by flocculation, filtration, chlorination, or other acceptable process) as to ensure, except when the microfilter technique is used, compliance with the following requirements:

(a) In 90 per cent of the water samples examined throughout any year, coliform bacteria shall either not be detected or the most probable number index of coliform micro-organisms shall be less than 1,0.

(b) None of the samples shall have a most probable number index of coliform bacteria in excess of 10.

(c) A most probable number index of 8 to 10 shall not occur in consecutive samples.

ting en gereedskap moet beskikbaar wees. Nadat installasies, uitrusting en gereedskap deeglik met 'n detergent of ander skoonmaakmiddel skoongemaak is, moet dit ontsmet word met 'n oplossing met 'n gehalte aan vry oorblywende chloor van minstens 20 d.p.m. of met 'n ander aanneemlike ontsmettingsoplossing. Die konsentrasie van vry oorblywende chloor van gechloreerde oplossings moet met behulp van die 5-sekonde-ortotolidienflitstoets of 'n ander metode wat gelykwaardige resultate gee, bepaal word. Uitrusting moet onmiddellik voor die werksaamhede begin, met water wat aan die vereistes van 3.1.4.1 of 3.1.4.2 voldoen, afgespoel word om die ontsmettingsoplossing te verwyder. Die hele verwerkingstelsel moet skoongemaak word aan die einde van die dag se werksaamhede en moet skoon wees onmiddellik voor dit verder gebruik word. Handskoene en messe moet na gebruik en te eniger tyd wanneer dit nodig is om dit te steriliseer, deeglik skoongemaak en dan met nat stoom, gechloreerde water of 'n ander aanneemlike ontsmettingsoplossing of -proses ontsmet word. Fasiliteite hiervoor moet op gerieflike plekke beskikbaar wees.

3.1.2.3 Houers wat geheel en al of gedeeltelik met grondstowwe of die produk gevul is, mag nie so opmekaargestapel word dat die inhoud van 'n houer met die boom van die houer wat daarop gestapel is, in aanraking kom nie. Houers mag nie regstreeks op die vloer gepak word nie.

3.1.2.4 Werkers mag geen voorbereidingsgerei uit die fabriek verwyder nie, behalwe met die doel om dit te herstel of te vervang.

3.1.2.5 Toedraaimateriaal moet in korrosiebestande houers met 'n higiëniese ontwerp gehou word.

3.1.2.6 Masjienonderdele en voorrade wat die produk moontlik kan besoedel, moet uit verwerkingsafdelings gehou word.

3.1.3 *Bevriesings- en verkoelingsfasiliteite.*—Vrieskamer koelkamers en uitrusting moet doeltreffend werk en in 'n skoon, higiëniese toestand gehou word. Bewaarkamers vir die bevrore produk moet voorsien wees van outomatiese temperatuurregistreerders met genoeg aanvoelingselemente om die lugtemperatuur oral in die vertrek doeltreffend te moniteer. Fasiliteite vir deurlopende bevriesing moet op soortgelyke wyse gemoniteer word en alle registreerders moet die temperatuur noukeurig aangee. Lotbevriesingsfasiliteite moet van buitemeters of ander temperatuurregistreerders voorsien wees. 'n Rekord moet van die temperatuur van verkoelings- en bevriesingsfasiliteite gehou word en moet beskikbaar wees vir inspeksie. Produkte mag nie regstreeks op die vloer of teen die muur gepak word nie. Produkte moet op so 'n wyse in lotbevriesingsfasiliteite (uitgesonderd plaatbevriesingsfasiliteite) gepak wees dat die lugvloei tussen die verpakkings nie belemmer word nie. Die toepaslike vereistes van statutêre wette en regulasies moet nagekom word.

3.1.4 *Water.*

3.1.4.1 *Drinkbare water.*—Behoudens die bepalings van 3.1.4.2, moet elke fabriek 'n toereikende voorraad skoon, drinkbare water hê wat vry is van stowwe in suspensie en bestanddele wat skadelik vir die produk of nadelig vir die gesondheid is. Die water moet (deur middel van uitvlokking, filtrering, chlorering of volgens 'n ander aanneemlike proses) behandel wees, behalwe indien die mikrofiltertegniek gebruik word, om te verseker dat dit aan die volgende vereistes voldoen:

(a) In 90 persent van die watermonsters wat deur 'n jaar ondersoek word, mag daar òf geen kolivormige bakterieë waargeneem word nie òf moet die waarskynlikste nommerindeks van kolivormige mikroörganismes minder as 1,0 wees.

(b) Geen monster mag 'n waarskynlikste nommerindeks van kolivormige bakterë bo 10 hê nie.

(c) 'n Waarskynlikste nommerindeks van 8 tot 10 mag nie in agtereenvolgende monsters voorkom nie.

In any instance in which two consecutive samples show a most probable number index of coliform bacteria in excess of 8, an additional sample or samples from the same sampling point shall be examined without delay. This shall be the minimum action that shall be taken.

When the microfilter technique is used, the arithmetic mean of numbers of coliform group organisms shall be less than 1 per 100 ml and shall not exceed 4 per 100 ml in two consecutive samples or in more than 10 per cent of the samples examined.

Where chlorinated water affects the product deleteriously in any way, such water shall be dechlorinated immediately before use.

3.1.4.2 *Sea water.*—Clean, uncontaminated, fresh running sea water may be used for any purpose in the plant provided that the count of coliform organisms does not exceed 50 organisms per 100 ml of the water and no *E. coli* I are detectable in 100 ml of the water.

3.1.5 *Ice.*—The water derived from ice immediately after its manufacture (melted under aseptic conditions at a temperature not exceeding 10° C) shall comply with the microbiological requirements of 3.1.4.1 or 3.1.4.2, as applicable.

3.2 REQUIREMENTS FOR EMPLOYEES ENGAGED IN THE PREPARATION AND PROCESSING OF THE PRODUCT.

3.2.1 (a) No person who is suffering from or who is a carrier of any communicable disease, and diarrhoea in particular, or is suffering from any condition causing a discharge of pus or serum from any part of the body shall be allowed to engage in the preparation, processing, handling, or transportation of the product, or to work in any part of the factory where the product is prepared, processed, handled, or transported.

(b) No person known to be affected with a disease capable of being transmitted through food, or known to be a carrier of such disease infection, or afflicted with infected wounds, sores, or any illness, shall be permitted to work in any part of the factory in a capacity in which there is a likelihood of such a person contaminating the product with pathogenic organisms.

(c) An inspector shall be entitled to demand that the manager of any factory shall produce for perusal by the Inspector any medical certificate submitted to the manager by an employee.

(d) No person who is suffering from any cut or injury shall be engaged in any factory in the preparation, processing, handling, or transportation of the product unless the cut or injury has been so treated or dressed that the discharge of blood on to the product has been prevented.

3.2.2 Neither workers' personal effects nor their food shall be kept in the preparation, processing, and packing areas of the factory. No food shall be prepared or consumed by personnel in these areas.

3.2.3 Spitting and the use of tobacco in any form shall be prohibited within the preparation, processing, and packing areas of the factory. Containers used in the preparation or in the packing of the product shall not be used for drinking purposes.

3.2.4 All employees engaged in the preparation and processing of the product, up to and including the packaging stage, shall wear clean light-coloured protective clothing and clean washable headgear that covers their hair. Waterproof protective clothing shall be of plastic

In gevalle waar twee agtereenvolgende monsters 'n waarskynlik nommerindeks van kolivormige bakterieë van meer as 8 het, moet 'n bykomende monster of monsters van dieselfde monsternemingspunt sonder versuim ondersoek word. Dit is die minimum stappe wat gedoen moet word.

Indien die mikrofiltertegniek gevolg word, moet die rekenkundige gemiddelde van die aantal groepe kolivormige organismes minder as 1 per 100 ml wees en mag dit nie 4 per 100 ml oorskry in twee agtereenvolgende monsters of in meer as 10 persent van die monsters wat ondersoek word nie.

Indien gechloreerde water die produk op enige wyse benadeel, moet die water onmiddellik voor gebruik ontchloor word.

3.1.4.2 *Seewater.*—Skoon, onbesoedelde, vars, lopende seewater kan vir enige doel in die aanleg gebruik word, mits dit nie meer as 50 colivormige organismes per 100 ml water bevat nie en mits geen *E. coli* I in 100 ml water waarneembaar is nie.

3.1.5 *Ys.*—Die water wat van die ys verkry word direk na die vervaardiging daarvan (wat in aseptiese toestande by 'n temperatuur van hoogstens 10° C gesmelt is) moet aan die mikrobiologiese vereistes van 3.1.4.1 of 3.1.4.2, soos toepaslik, voldoen.

3.2 VEREISTES VIR WERKNEMERS BETROKKE BY DIE VOORBEREIDING EN VERWERKING VAN DIE PRODUK.

3.2.1 (a) Geen persoon wat aan 'n aansteeklike siekte ly of wat 'n draer daarvan is, veral van diaree, of wat aan enige toestand ly wat etter of serum op enige deel van die liggaam veroorsaak, mag toegelaat word om met die voorbereiding, verwerking, hantering of vervoer van die produk gemoeid te wees of om in enige deel van die fabriek waar die produk voorberei, verwerk, hanteer, of vervoer word, te werk nie.

(b) Geen persoon wat na wete aan 'n siekte ly wat in voedsel oorgedra kan word of wat na wete 'n draer van sodanige infeksie is of wat besmetlike wonde of sere het of aan enige siekte ly, mag toegelaat word om in enige deel van die fabriek te werk in 'n hoedanigheid waar hy waarskynlik die produk met patogene organismes sal besoedel nie.

(c) 'n Inspekteur het die reg om te eis dat die bestuurder van 'n fabriek enige mediese sertifikaat wat 'n werknemer by die bestuurder ingehandig het, ter insae aan die inspekteur voor te lê.

(d) Geen persoon met 'n sny of besering mag in enige fabriek met die voorbereiding, verwerking, hantering, of vervoer van die produk gemoeid wees nie tensy die sny of besering op so 'n wyse behandel of verbind is dat die oordrag van bloed op die produk verhoed word.

3.2.2 Nòg die persoonlike eiendom van werknemers, nòg hul voedsel mag in die voorbereidings-, verwerkings-, en verpakkingsafdelings van die fabriek gehou word. Geen voedsel mag in hierdie afdelings deur werknemers voorberei of genuttig word nie.

3.2.3 Spoeg en die gebruik van tabak in watter vorm ook al binne die voorbereidings-, verwerkings-, en verpakkingsafdelings van die fabriek is verbode. Houers wat vir die voorbereiding of verpakking van die produk gebruik word, mag nie vir drinkdoeleindes gebruik word nie.

3.2.4 Alle werknemers wat besig is met die voorbereiding en verwerking van die produk tot by en met inbegrip van die verpakkingstadium moet skoon, ligkleurige, beskermende klere en skoon, wasbare pette dra wat hul hare bedek. Waterdigte, beskermende klere moet van

or rubber. Overalls shall cover the personal clothing of employees. Sleeves shall not extend below the elbow except when covered by plastic sleevelets or when worn in freezers and cold stores. All protective clothing shall be of hygienic design, shall be in good repair, and shall not constitute a source of contamination of the product.

Protective clothing shall not be stored in workrooms; when not in use it shall be kept in changerooms and shall not be removed from the premises except for laundering under hygienic conditions. Waterproof protective clothing shall be taken off and suspended from wall pegs or hooks at exits from preparation and processing areas during intervals between work and during visits to sanitary conveniences.

3.2.5 Employees shall keep their fingernails short and clean and shall wash their hands with warm water and an acceptable soap or detergent and after that in an acceptable disinfectant, and then rinse them in clean running water before commencing work and after each absence from the factory processing area. Varnish or lacquer shall not be used on fingernails, and jewellery shall not be worn.

3.3 VISITORS.—Any person visiting or entering the packing area during the hours of operation shall observe all hygiene requirements when in that area, and shall wear clean protective clothing which shall be provided by the factory.

3.4 COMFORT FEATURES.—Adequate dressing rooms, washbasins, shower baths, and sanitary facilities shall be provided. Ample hot and cold running water, clean disposable towels or other acceptable means of drying the hands, nail brushes, toilet tissue, and soap or detergent shall be available to employees.

4. INGREDIENT REQUIREMENTS.

4.1 CONDITION OF INGREDIENTS.—All ingredients used in the preparation of the product shall at all times be clean, sound, of good quality, and in every way fit for human consumption.

4.2 FISH.

4.2.1 *Condition and handling of fish.*—The fish used in the preparation of the product shall be free from deterioration and in the round or gutted state shall have the following characteristics:

(a) A characteristic fresh appearance, colour, and smell;
(b) where applicable, prominent, bright, clear, and moist eyes;
(c) transparent and creamy white slime (where slime is present and is natural to the species);
(d) where applicable, bright red gills;
(e) where applicable, bright abdominal blood;
(f) firm and elastic flesh adhering to the bones.

The storage, handling, and transportation of fish for processing both at sea and on land shall be performed under hygienic conditions.

Fish shall be processed as soon as possible after catching. If fish is frozen to await subsequent processing, it shall be packed, frozen, and stored as in 6.1, 6.3, and 6.4. Where not frozen immediately, it shall be kempt at a temperature not exceeding 10° C until processing commences.

4.2.2 *Thawing of frozen fish.*—When being thawed for subsequent processing, frozen fish shall not be exposed to a temperature higher than 20° C and the thawing shall be completed in less than 20 hours. Unless processed immediately after thawing is completed, the chilling of thawed fish to 0,5° C shall be commenced immediately.

plastiek of rubber wees. Oorpakke moet die werkers se persoonlike klere heeltemal bedek. Moue mag nie tot onderkant die elmboog reik nie, tensy dit met plastiekoortrekmoue bedek is en uitgesonderd in vries- of koelkamers. Alle beskermende klere moet van higiëniese ontwerp wees en moet heel gehou word en geen beskermende klere mag 'n bron van besoedeling vir die produk wees nie.

Beskermende klere mag nie in werkkamers gebêre word nie; wanneer dit nie gebruik word nie, moet dit in kleedkamers gehou word en mag dit nie van die perseel af verwyder word nie, behalwe om in higiëniese toestande gewas te word.. Waterdigte beskermende klere moet gedurende rustye en besoeke aan die sanitêre geriewe uitgetrek word en aan muurpenne of -hake by die uitgange van voorbereidings- en verwerkingsafdelings opgehang word.

3.2.5 Werknemers moet hulle vingernaels kort en skoon hou en hul hande voor hulle begin werk en na elke afwesigheid uit die verwerkingsafdeling van die fabriek met warm water en 'n aanneemlike seep of detergent en daarna met 'n aanneemlike ontsmettingsmiddel was en dan in skoon, lopende water afspoel. Geen naellak of -vernis mag gebruik word nie en juweliersware mag nie gedra word nie.

3.3 BESOEKERS.—Enige persoon wat die verpakkingsafdeling van die fabriek gedurende werkstye besoek of binnegaan, moet al die higiëniese vereistes nakom as hy in dié afdeling is en moet skoon, beskermende klere dra wat die fabriek moet verskaf.

3.4 GERIEWE.—Toereikende kleedkamers, wasbakke, stortbaddens, en sanitêre fasiliteite moet verskaf wees. Genoeg warm en koue lopende water, skoon weggooihanddoeke of ander aanneemlike middele om die hande droog te maak, naelborsels, toiletpapier, en seep of detergent moet beskikbaar wees vir werknemers.

4. VEREISTES VIR BESTANDDELE.

4.1 TOESTAND VAN BESTANDDELE.—Alle bestanddele wat by die voorbereiding van die produk gevind word, moet te alle tye skoon, gesond, van goeie kwaliteit, en ten volle geskik vir verbruik deur die mens wees.

4.2 VIS.

4.2.1 *Toestand en hantering van vis.*—Die vis wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, moet vry wees van agteruitgang en die heel of skoongemaakte vis moet die volgende eienskappe toon:

(a) 'n Kenmerkende vars voorkoms, kleur, en reuk;
(b) indien toepaslik, prominente, blink, helder, en vogtige oë;
(c) deurskynende en roomwit slym (waar slym aanwesig is en 'n natuurlike eienskap van die spesie is);
(d) indien toepaslik, helder rooi kiewe;
(e) indien toepaslik, helderkleurige maagbloed;
(f) vleis wat ferm en elasties is en aan die bene vaskleef.

Vis vir verwerking ter see sowel as op land moet in higiëniese toestande bewaar, hanteer, en vervoer word.

Vis moet verwerk word so spoedig moontlik nadat dit gevang is. Indien vis met die oog op latere verwerking bevries word, moet dit soos in 6.1, 6.3, en 6.4, verpak, bevries, en bewaar word. Indien vis nie dadelik bevries word nie, moet dit by 'n temperatuur van hoogstens 10° C gehou word totdat daar met die verwerking begin word.

4.2.2 *Ontdooiing van bevroere vis.*—Terwyl die bevrore vis vir verwerking ontdooi word, mag dit nie aan hoër temperature as 20° C blootgestel word nie en moet die ontdooiing in minder as 20 uur afgehandel wees. Tensy die vis verwerk word onmiddellik nadat die ontdooiing afgehandel is, moet daar so gou moontlik begin word om die ontdooide vis tot 0,5° C te verkoel.

4.3 MARINE MOLLUSCS.—Shucking shall be complete. The flesh shall be cleaned under hygienic conditions that ensure freedom from contamination. The cleaning operation shall be followed by thorough washing in running water complying with 3.1.4.1 or 3.1.4.2. Flesh showing unsightly fork marks or other damage shall not be used. Shell stock shall be held in a manner that prevents contamination. In the case of abalone, the gut and the mouth shall be removed and the flesh trimmed smooth; fringes and the foot need not be removed.

4.4 SALT.—Salt used in the preparation of the product shall be edible and free from bitterness.

4.5 CITRIC AND ASCORBIC ACIDS.—These ingredients shall comply with the requirements of the British Pharmacopoeia.

4.6 GLUTAMATE.—Sodium glutamate of a purity acceptable for use in foodstuffs may be used.

4.7 SEASONING INGREDIENTS.—Seasoning ingredients shall consist of or be prepared from natural spices, herbs, or other natural flavouring materials and shall be free from foreign matter and adulterants.

4.8 WOOD SMOKE.—Wood smoke for the smoking of the product shall be obtained by the use of wood that is free from gum and resin, and from paint, timber preservative, and other added substances.

4.9 GENERAL.—All ingredients used shall fall within the scope of and shall comply with the requirements of the Food, Drugs and Disinfectants Act and any regulations promulgated thereunder.

5. REQUIREMENTS FOR THE PRODUCT.

5.1 FISH AND FISH PRODUCTS.

5.1.1 Fish may be prepared in the following or other acceptable forms:

(a) *Round fish.*—A fish as taken from the sea with no processing, or a fish which has been bled only.

(b) *Gutted fish.*—A round fish which has been eviscerated.

(c) *Gilled and gutted.*—A gutted fish from which the gills have been removed.

(d) *Headed and gutted.*—A gutted fish from which the head has been removed.

(e) *Dressed fish.*—A headed and gutted fish from which the pectoral fins have been removed, but not necessarily the shoulder girdle, or the dorsal, ventral, or tail fins.

(f) *Scaled fish.*—A fish from which the scales have been removed.

(g) *Cutlets.*—Crosswise cuts, of thickness not exceeding 40 mm, from scaled fish from which all viscera and blood have been removed and in which large bones do not protrude conspicuously.

(h) *Fillet, wings-on.*—The fleshy side of a whole fish cut lengthwise as close to the backbone as possible, and including the pectoral fin, belly flap, pin bones, neck bones, and skin. It shall be an intact, unragged section of fish, and shall be free from scales.

(i) *Fillet (single fillet).*—The fleshy side of a whole fish as described in (h) above, but with the pectoral fin and shoulder girdle removed.

(j) *Skinned Fillet.*—A fillet as described in (i) above, but with the skin removed.

(k) *Skinned and boned fillet (skinless boneless fillet).*—A fillet as described in (i) above, but with the skin and bones removed.

(l) *Double fillet (butterfly fillet).*—The two fillets from a single fish joined together along the back or the belly.

4.3 SEESKULPDIERE.—Seeskulpdiere moet geheel en al uit die skulp verwyder word. Die vleis moet in higiëniese toestande wat vryheid van besoedeling verseker, skoongemaak word. Nadat die vleis skoongemaak is, moet dit deeglik in lopende water wat aan die vereistes van 3.1.4.1 of 3.1.4.2 voldoen, gewas word. Vleis met lelike vurkmerke of ander beskadiging mag nie gebruik word nie. Seeskupdiere moet so bewaar word dat besmetting voorkom word. In die geval van perlemoen moet die ingewande en die mond verwyder word en moet glad reggesny wees; baardrande en die poot hoef nie afgesny te wees nie.

4.4 SOUT.—Sout wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, moet eetbaar wees en mag nie 'n bitter smaak hê nie.

4.5 SITROEN- EN ASKORBIENSUUR.—Hierdie bestanddele moet voldoen aan die vereistes van die British Pharmacopoeia.

4.6 GLUTAMAAT.—Natriumglutamaat waarvan die suiwerheid aanneemlik is vir gebruik in voedsel, kan gebruik word.

4.7 GEURMIDDELS.—Geurmiddels moet bestaan of voorberei wees uit natuurlike speserye, kruie, of ander natuurlike geurmateriaal en moet vry wees van vreemde stowwe en vervalsingsmiddels.

4.8 HOUTROOK.—Houtrook wat vir die beroking van die produk gebruik word, moet verkry word deur hout te gebruik wat vry is van gom en hars en van verf, houtverduursamingsmiddels, en ander bygevoegde bestanddele.

4.9 ALGEMEEN.—Alle bestanddele wat gebruik word, moet binne die bestek val en aan die vereistes voldoen van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne, en Ontsmettingsmiddels en van enige regulasie wat ingevolge daarvan afgekondig is.

5. VEREISTES VIR DIE PRODUK.

5.1 VIS EN VISPRODUKTE.

5.1.1 Die vis kan in die volgende of ander aanneemlike vorms voorberei wees:

(a) *Ronde vis.*—Vis soos dit uit die see kom sonder dat dit enigsins verwerk is of vis waarvan slegs die bloed getap is.

(b) *Vis waarvan die ingewande verwyder is.*—Ronde vis waarvan die ingewande verwyder is.

(c) *Vis waarvan die kiewe en die ingewande verwyder is.*

(d) *Vis waarvan sowel die kop as die ingewande verwyder is.*

(e) *Gedresseerde vis.*—Vis waarvan die kop, die ingewande en die borsvinne verwyder is, maar nie noodwendig die skouergordel of die rug-, buik-, of stertvinne nie.

(f) *Ontskubde vis.*—Vis waarvan die skubbe verwyder is.

(g) *Kotelette.*—Dwarssnitte, hoogstens 40 mm dik, van ontskubde vis waarvan al die binnegoed en bloed verwyder is en wat geen groot bene bevat wat opvallend by die snitte uitsteek nie.

(h) *Mootjie, lengtesnit.*—Die vleiskant van 'n heelvis in die lengte en so na moontlik aan die ruggraat afgesny. Dit sluit die borsvin, pensgedeelte, losgraatjies, nekbene, en vel in. Dit moet 'n ongeskonde, skoon gesnyde stuk vis sonder skubbe wees.

(i) *Mootjie (enkelmootjie).*—Die vleiskant van 'n heelvis soos in (h) hierbo beskryf, maar met die borsvin en skouergordel verwyder.

(j) *Afgeslagte mootjie.*—'n Mootjie soos in (i) hierbo beskryf, waarvan die vel egter verwyder is.

(k) *Afgeslagte en ontbeende mootjie.*—'n Mootjie soos in (i) hierbo beskryf, waarvan die vel en bene egter verwyder is.

(l) *Dubbele mootjie (vlindermootjie).*—Die twee mootjies van een vis wat by die rug of maag aanmekaar vas is.

5.1.2 All units or pieces shall be intact, unragged sections or slices of fish and, when described by the terms in 5.1.1, shall comply with the descriptions given. Scraps shall not be included.

5.1.3 If frozen fish or frozen fish products are glazed with chilled water before packing, the temperature of the water used for glazing shall not exceed 1,5° C.

5.1.4 The product may be packed as prepared units in batter, or as other similar preparations (including fish roes, fish cakes, fish balls, fish patties, fish sausages, and minced fish). It may also be in the form of fish sticks and similar acceptable pieces.

5.1.5 When packed as fish sticks or portions (or similar pieces), the product shall be free from scales, heads, blood columns, fins, tails, bones, and skin, and shall be cut from blocks of frozen skinned and boned fillets or from pieces of skinned and boned fish flesh into portions practically uniform in size and shape. Alternatively, fish portions may be prepared from unskinned or incompletely boned fillets or pieces of fillet, but shall then be described as "skin-on" portions or "not boneless" portions or both or shall be given another description with the same meaning. They shall be free from scales, heads, blood columns, fins, and tails.

5.1.6 Fish cakes, fish balls, and fish patties shall be reasonably uniform in shape, size, and texture, and shall be prepared from edible fish flesh, with or without other ingredients. The fish flesh content (protein nitrogen percentage × 37,5) shall be at least 37,5 per cent.

5.1.7 Fish sausages shall be prepared from edible smoked or unsmoked fish flesh, with or without other ingredients. The product may be formed either in artificial casings which, is inedible, shall be completely stripped off before packing or in natural casings. The fish flesh content (protein nitrogen percentage × 37,5) shall be at least 75 per cent. The units shall be uniform in size, shape, and texture and shall be free from discoloration and ragged or irregularly cut ends. Off-cuts and burst, distorted, and cutmarked units shall not be present.

5.2 GENERAL.

5.2.1 *Net mass.*—The declared net mass of the product shall comply with the requirements of the Regulations promulgated under the Weights and Measures Act.

5.2.2 *Packing.*—The product shall be neatly packed.

5.2.3 *Uniformity of size.*—Where more than one unit is packed in a container, the units shall, on visual inspection, be acceptably uniform in size, and no piece added for mass adjustment shall have a mass of less than 55 g.

5.2.4 *Colour and appearance.*—The product shall be attractive in appearance and characteristic in colour. In any one container the units shall be acceptably uniform in colour. In flesh packs the flesh shall be free from raggedness, bloodclots, and blood columns, and from staining and discoloration that detract from the appearance of the pack. Roes shall be intact unless labelled as broken roes, and shall have a colour characteristic of fresh roes.

5.2.5 *Odour and flavour.*—The state of the raw material, the manufacturing process, and the packing shall ensure that, after the frozen product has been thawed to a temperature above 10° C (to separate the units, where necessary), the odour is fresh and characteristic and off-odours and other indications of deterioration or of the use of inferior quality raw materials are absent. The odour and flavour of the cooked product shall also be fresh and characteristic.

5.1.2 Alle eenhede moet ongeskonde, skoon gesnyde stukke of skywe vis wees en moet, wanneer volgens 5.1.1 beskryf, in ooreenstemming met die beskrywings wees wat gegee word. Dit mag geen afvalstukkies bevat nie.

5.1.3 As bevrore vis of bevrore visprodukte voor verpakking met verkoelde water verglans word, mag die temperatuur van die water wat vir die verglansing gebruik word, nie 1,5° C oorskry nie.

5.1.4 Die produk kan as voorbereide eenhede in beslag of as ander soortgelyke voorbereide produkte (met inbegrip van viskuit, viskoekies, visfrikadelle, visworsies, en gemaalde vis) verpak wees. Dit kan ook in die vorm van visvingers en soortgelyke aanneemlike stukke verpak wees.

5.1.5 Vis wat as visvingers of -porsies (of as soortgelyke stukke) verpak word, mag geen skubbe, koppe, bloedkolomme, vinne, sterte, bene, en vel bevat nie en moet uit blokke bevrore, afgeslagte, en ontbeende mootjies of stukke afgeslagte en ontbeende visvleis in porsies gesny word wat almal feitlik ewe groot is en dieselfde fatsoen het. So nie, kan visporsies uit onafgeslagte of gedeeltelik ontbeende mootjies of stukke mootjies gesny word, maar dan moet dit as porsies "met vel" of "met been" of albei beskryf word of 'n ander beskrywing te dien effekte bevat. Sulke porsies mag geen skubbe, koppe, bloedkolomme, vinne, en sterte bevat nie.

5.1.6 Viskoekies en visfrikadelle moet van taamlik eenvormige fatsoen, grootte, en tekstuur wees en moet voorberei wees uit eetbare visvleis, met of sonder ander bestanddele. Die visvleisgehalte (proteïenstikstofpersentasie × 37,5) moet minstens 37,5 persent wees.

5.1.7. Viswors moet uit eetbare gerookte of ongerookte visvleis met of sonder ander bestanddele, berei wees. Die produk kan òf in kunsderm wat, indien nie eetbaar is nie voor verpakking heeltemal verwyder moet word òf in naturlike varsderm gestop wees. Die visvleisgehalte (proteïenstikstofpersent × 37,5) moet minstens 75 persent wees. Die eenhede moet eenvormig van grootte, fatsoen en tekstuur wees en moet vry wees van verkleuring en van toiingrige of onegalige ente. Afvalstukkies en oopgeskeurde, verwronge eenhede en eenhede met snymerke mag nie aanwesig wees nie.

5.2 ALGEMEEN.

5.2.1 *Netto massa.*—Die verklaarde netto massa van die produk moet aan die vereistes van die regulasies opgestel kragtens die Wet op Mate en Gewigte voldoen.

5.2.2 *Verpakking.*—Die produk moet netjies verpak wees.

5.2.3 *Eenvormige grootte.*—As meer as een eenheid in 'n houer verpak word, moet die eenhede by visuele ondersoek aanneemlik eenvormig van grootte wees en mag geen stuk met 'n massa van minder as 55 g gebruik word om die massa aan te suiwer nie.

5.2.4 *Kleur en voorkoms.*—Die produk moet aantreklik lyk en moet 'n kenmerkende kleur hê. Al die eenhede in 'n houer moet 'n aanneemlik eenvormige kleur hê. In die geval van vleisverpakkings moet die vleis vry wees van toiingrigheid, bloedklonte en -kolomme en van vlekke en verkleuring wat afbreuk aan die voorkoms van die produk doen. Viskuit moet ongeskonde wees, tensy die etiket aandui dat dit gebreekte viskuit is, en moet die kenmerkende kleur van vars viskuit hê.

5.2.5 *Reuk en smaak.*—Die toestand van die grondstof, die vervaardigingsproses en die verpakking moet sodanig wees dat nadat die bevrore produk tot bo 10° C ontdooi is (om die eenhede van mekaar te skei, indien nodig), dit 'n vars en kenmerkende reuk het, en geen byreuke en ander aanduidings van agteruitgang of van die gebruik van grondstowwe van minderwaardige kwaliteit mag aanwesig wees nie.

Die reuk en smaak van die gaar produk moet ook vars en kenmerkend wees.

5.2.6 *Freedom from Defects.*

(a) The product shall be free from bruised or otherwise damaged material, from detached scales, and from sand, grit, dirt, pieces of shell, other extraneous matter, and visible parasites. It shall be free from deep dehydration (freezer burns) that cannot easily be removed by scraping and from discoloration and blemishes. It shall not yield excessive drip and thawing.

(b) A product described as boneless shall be free from cartilage and bone that, after being cooked, is capable of piercing or hurting the palate. A skinless product shall not have residual skin tissue or surface damage that materially affects its good appearance. A product with skin on shall be substantially free from skin or surface damage that materially affects its good appearance.

5.2.7 *Antibiotics.*—Antibiotics shall not be used or be present in the product.

5.2.8 *Preservatives, anti-oxidants and phosphates.*—Preservatives (including nitrates and nitrites) and anti-oxidants, other than citric and ascorbic acids, shall not be used. Subject to the requirements of the Regulations promulgated under the Food, Drugs and Disinfectants Act, phosphates may be used to control "drip", and the oil used for frying fried fish and fried fish products may contain anti-oxidants.

5.3 MICROBIOLOGICAL REQUIREMENTS. — When tested in accordance with the method referred to in Column 4 of Table 1, the product shall comply with the requirements given in Column 2 or Column 3, as relevant.

TABLE 1

1	2	3	4
Organism	Content per gram, max.		Test method subsection
	Cooked products*	Raw products†	
Total count (at 35° C) of viable organisms	100 000	1 000 000	10,6
Staphylococcus aureus	10	10	10,7
Salmonella	Nil	Nil	10,8: 10,9
Shigella	Nil	Nil	10,10
Clostridia of food poisoning	Nil	Nil	10,11
Coliform organisms	10	—	10,12
Escherichia coli I	Nil	Absent from 10g	10,13

* I.e. products that require thawing only before being consumed.
† I.e. products that require to be cooked before being consumed.

6. PACKING AND PROCESSING.

6.1 PACKING CONDITIONS.—The product shall be prepared and packed into clean containers under conditions which ensure freedom from contamination.

6.2 PACKAGING.

6.2.1 *Materials.*—Materials used in containers and wrappings shall be new and shall not contain substances injurious to the product, nor shall they impart a flavour to or in any way cause discoloration of the product, or be themselves discoloured by contact with the product. The moisture and oxygen permeabilities of the material shall be acceptably low.

6.2.2 *Containers.*—The product shall be packed in containers that ensure that it is adequately protected from mechanical damage, leakage, disiccation, and excessive oxidation.

5.2.6 *Vryheid van Gebreke.*

(a) Die produk mag geen gekneusde of andersins beskadigde materiaal, los skubbe, sand, grint, vuiligheid, stukkies skulp, ander vreemde stowwe en sigbare parasiete bevat nie. Dit moet vry wees van diep dehidratering (vriesbrandmerke) wat nie maklik afgekrap kan word nie en van verkleuring en vlekke. Dit mag nie oormatig drup as dit ontdooi nie.

(b) 'n Produk wat beskryf word as beenloos, mag geen kraakbeen of been wat in die verhemelte kan steek of die verhemelte kan seermaak nadat dit gekook is, bevat nie. 'n Produk sonder vel mag geen oorblywende velweefsel of oppervlakbeskadiging toon wat die goeie voorkoms daarvan wesenlik benadeel nie. 'n Produk met die vel, moet vry wees van vel- of oppervlakbeskadiging wat die goeie voorkoms daarvan wesenlik benadeel.

5.2.7 *Antibiotiese middels.*—Geen antibiotiese middels mag gebruik word of in die produk aanwesig wees nie.

5.2.8 *Preserveermiddels, anti-oksideermiddels, en fosfate.*—Geen preserveermiddels (met inbegrip van nitraat en nitriet) en anti-oksideermiddels, uitgesonderd sitroen- en askorbiensuur, mag gebruik word nie. Behoudens die vereistes van die regulasies opgestel kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, kan fosfate gebruik word om "drup" te beheer en die olie wat vir die bak van gebakte vis en gebakte visprodukte gebruik word, kan anti-oksideermiddels bevat.

5.3 MIKROBIOLOGIESE VEREISTES.—Volgens die metode in kolom 4 van tabel 1 getoets, moet die produk aan die vereistes in kolom 2 of kolom 3, soos toepaslik voldoen.

TABEL 1

1	2	3	4
Organisme	Gehalte per gram, maks.		Toetsmetode onderafdeling
	Gaar produkte*	Rou produkte†	
Totale telling (by 35 C) van lewensvatbare organismes	100 000	1 000 000	10,6
Staphylococcus aureus	10	10	10,7
Salmonella	Geen	Geen	10,8, 10,9
Shigella	Geen	Geen	10,10
Klostridia van voedselvergifting	Geen	Geen	10,11
Kolivormige organismes	10	—	10,12
Escherichia coli I	Geen	Afwesig in 10g	10,13

* Dit wil sê produkte wat slegs voor verbruik ontdooi moet word
† Dit wil sê produkte wat voor verbruik gaargemaak moet word.

6. VERPAKKING EN VERWERKING.

6.1 VERPAKKINGSTOESTANDE.—Die produk moet in toestande wat vryheid van besoedeling verseker, berei en in skoon houers verpak word.

6.2 VERPAKKING.

6.2.1 *Materiaal.*—Materiaal wat vir die houers gebruik word en toedraaimateriaal moet nuut wees en mag geen bestanddele bevat wat nadelig vir die produk is nie; dit mag nie 'n bysmaak aan die produk verleen of dit enigsins verkleur nie en mag nie self verkleur as gevolg van aanraking met die produk nie. Die vog- en suurstofdeurdringbaarheid van die materiaal moet aanneemlik laag wees.

6.2.2 *Houers.*—Die produk moet in houers verpak wees wat sal verseker dat dit voldoende beskerm is teen meganiese skade, lekkasie, uitdroging, en oormatige oksidasie.

6.2.3 *Glazing and wrapping.*—Unless the product is glazed, it shall be wrapped in a material of low permeability to moisture and oxygen. Glazing of the product with chilled water at a temperature not exceeding 1,5° C as a substitute for wrapping shall be permissible provided that the glaze is maintained in an acceptable condition.

6.3 FREEZING.—The product shall be subjected to either the freezing process or the quick-freezing process (see 2.1). When the product is packed into containers before freezing, it shall not be exposed to excessively high temperatures and the delay between packing and freezing shall not exceed three hours. The temperature of the product other than a smoked or a pre-cooked product shall not at any stage during preparation and handling prior to freezing, exceed 10° C.

6.4 STORAGE.—The maximum storage periods and temperatures for flat fish, lean fish and molluscs, and fatty fish are given in Table 2.

TABLE 2—STORAGE TIMES AND TEMPERATURES

1	2	3	4
Storage period, months, max.			Storage temperature, °C, max.
Flat fish	Lean fish and molluscs	Fatty fish	
6	4	3	−18
8	6	4	−23
12	12	8	−29

Any product stored in excess of the appropriate period shall be liable to re-inspection at the discretion of the authority administering this specification.

Also, if at any time during storage the temperature of the product rises above the appropriate storage temperature, it shall be rapidly reduced to that temperature, and if the temperature rises above −7° C, the product shall in addition be resubmitted for inspection. In the cold storage chamber there shall be no condition, object, or matter that can affect the flavour or appearance of the frozen product in any way.

7. MARKING.

7.1 MARKINGS ON CONTAINERS.—Except as allowed for in terms of 7.4 the following information shall appear legibly and indelibly on each container in type of such size and presentation as is prescribed by regulation under the Food, Drugs and Disinfectants Act and the Weights and Measures Act:

(a) The name and full business address of the manufacturer, producer, proprietor, or controlling company or, in the case of containers packed for any other person or organisation, the name and full business address of that person or organisation;

(b) a true description of the product including the name of the product and the form of the contents accompanied if so desired by the person or organisation referred to in (a) above, in the case of a product that has been quick-frozen (see 2.1) by the words "Quick-frozen"; the name or designation that is used in the labelling of a product shall not be misleading; the variety of fish shall, except in the cases of fish sticks or portions, fish cakes, and similar products, be stated; the stated method of preparation or the form of the contents shall be in accordance with the

6.2.3 *Verglansing en toedraai*—Die vis moet, tensy dit verglans is, toegedraai wees in materiaal met 'n lae vog- en suurstofdeurdringbaarheid. Verglansing van die produk met verkoelde water by 'n temperatuur van hoogstens 1,5° C is toelaatbaar in plaas van die produk toe te draai, mits die verglansing in 'n aanneemlike toestand gehou word.

6.3 BEVRIESING.—Die produk moet òf bevries òf snelbevries word (kyk 2.1). Indien die produk voor bevriesing in houers verpak word, mag dit nie aan uitermate hoë temperature blootgestel word nie en mag hoogstens drie ure tussen die verpakking en bevriesing verloop. Die temperatuur van die produk, uitgesonderd gerookte of vooraf gekookte produkte, mag in geen stadium gedurende die voorbereiding en hantering voor bevriesing 10° C oorskry nie.

6.4 BEWARING.—Die maksimum bewaringstydperk en temperatuur vir plat vis, maer vis en skulpdiere en vet vis word in tabel 2 aangegee.

TABEL 2—BEWARINGSTYD EN -TEMPERATUUR

1	2	3	4
Bewaringstyd, maande, maks.			Bewarings-temperatuur, °C, maks.
Plat vis	Maer vis en skulpdiere	Vet vis	
6	4	3	−18
8	6	4	−23
12	12	8	−29

Enige produk wat langer as die gegewe tydperk bewaar word, kan na goeddunke van die owerheid deur wie hierdie spesifikasie toegepas word, weer ondersoek word.

Indien die temperatuur van die produk te eniger tyd tydens bewaring tot bo die betrokke bewaringstemperatuur styg, moet dit vinnig daartoe afgebring word. As dit tot bo −7° C styg, moet die produk daarbenewens weer vir inspeksie aangebied word. In die koelkamer mag daar geen toestand heers of voorwerp of stof aanwesig wees wat die smaak of voorkoms van die bevrore produk in enige opsig kan benadeel nie.

7. MERKE.

7.1 MERKE OP HOUERS.—Uitgesonderd soos kragtens 7.4 toegelaat, moet die volgende besonderhede duidelik en onuitwisbaar op elke houe aangebring wees in druk wat so groot en opvallend is soos voorgeskryf by regulasie kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne, en Ontsmettingsmiddels en die Wet op Mate en Gewigte:

(a) Die naam en volledige besigheidsadres van die fabrikant, produsent, eienaar of beherende maatskappy of, in die geval van houers wat vir 'n ander persoon of organisasie verpak is, die naam en volledige besigheidsadres van sodanige persoon of organisasie;

(b) 'n juiste beskrywing van die produk, met inbegrip van die naam van die produk en die soort inhoud en met, indien die persoon of organisasie genoem in (a) hierbo dit verlang, in die geval van 'n produk wat snelbevries is (kyk 2.1), die woord "snelbevrore"; die naam of aanwysing wat by die etikettering van 'n produk gebruik word, mag nie misleidend wees nie; die soort vis moet aangegee word, uitgesonderd in die geval van visvingers of -porsies, viskoekies en soortgelyke produkte; die gemelde metode van voorbereiding of die aard van die inhoud moet in ooreenstemming wees met die beskrywing

description on the label or container; where applicable, the description shall be in accordance with the descriptions given in 5.1.1;

(c) in the case of products for sale in the Republic and in the territory of South-West Africa, the net mass of the contents;

(d) the country of origin;

(e) where relevant, directions for use;

(f) any labelling specifically called for by regulation; and

(g) the date of manufacture and the identity of the factory in which the product was packed, the use of a code being permissible provided that the key to such code is disclosed to the authority administering this specification.

7.2 LABELS.

7.2.1 The information required by 7.1 shall be printed on the immediate container or on the overwrap covering the immediate container, or on a label of acceptable material attached to the immediate container or, in the case of a transparent container, enclosed in the immediate container.

7.2.2 Labels on containers shall be clean and neat and securely attached. They shall not be superimposed on other labels or on matter printed directly on the containers. They shall not be applied by any person other than the manufacturer or his authorised agent.

7.2.3 Labels or sealing adhesives that are liable to deteriorate under the conditions of storage of the packed products shall not be used.

7.3 MARKING ON PACKAGES.—Outer packages shall be clean, neat, and unbroken, and on every such package (carton, box, etc.) shall be printed or stencilled the number and size or net mass of the immediate containers in it and the information required by 7.1 (a), (b) and (f), except that the business address of the manufacturer need not be the full business address but must be sufficient for identification purposes.

The date of packing and the batch number (if used) shall be stamped or otherwise indelibly marked on the package or label or on a packing slip inserted in the package. A code may be used for the date provided that the key to the code is disclosed to the authority administering this specification.

7.4 MARKINGS ON CONTAINERS FOR EXPORT.—Containers for export to other countries may be marked differently to the requirements of this section provided that there is no attempt to misrepresent the product and that the information called for by 7.1 (g) appears either on the container or on a packing slip placed on the top of the contents before the container is sealed. The requirements of the importing country shall be complied with.

8. DELIVERY AND INSPECTION.

8.1 GENERAL.—The requirements of this section shall be subject to the requirements of applicable statutory acts and regulations.

8.2 DELIVERY.

8.2.1 *General.*—The delivery of frozen products shall take place under hygienic conditions.

8.2.2 *Delivery for export.*—The frozen product for export shall be conveyed from the factory to the cold storage depot and delivered into the transporting vessel's cold storage chambers at a temperature not exceeding −15° C. If at any time during this transportation the

op die etiket of houers; die beskrywing moet, indien toepaslik, in ooreenstemming wees met die beskrywings in afdeling 5.1.1;

(c) die netto massa van die inhoud, in die geval van produkte wat vir verkoop in die Republiek en in die gebied van Suidwes-Afrika bedoel is;

(d) die land van herkoms;

(e) gebruiksaanwysings, indien toepaslik;

(f) etikettering wat spesifiek volgens regulasies vereis word; en

